



Hermeneutiese vertrekpunte vir gereformeerde eksegeese

G.J.C. Jordaan, Fika J. van Rensburg & Douw G. Breed
Eenheid vir Reformatoriese Teologie
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: gert.jordaan@nwu.ac.za
fika.jansevanrensburg@nwu.ac.za
dbreed@telkomsa.net

Abstract

Hermeneutic premises for reformed exegesis

Hermeneutics as discipline finds itself in troubled waters. This has been caused, inter alia, by a postmodernistic mindset that has exchanged the truth of a retraceable conclusion for the individual's subjective perception of truth and reality. This has contributed to the fact that biblical hermeneutics finds itself in an impasse, so that it has become necessary for the reformed hermeneutics to redefine its fundamentals: the hermeneutic premises on which reformed exegesis is founded. This article attempts this by way of establishing the state of the art of the hermeneutic premises of reformed exegesis and developing and edifying it, utilising results of the past half century's new insights in hermeneutics.

Opsomming

Hermeneutiese vertrekpunte vir gereformeerde eksegeese

Hermeneutiek het as wetenskaplike dissipline in sekere opsigte sy bestaansreg verloor. Dit is onder andere veroorsaak deur postmodernistiese denke waarin die waarheid van 'n kontroleerbare bevinding ingeruil is vir die individu se subjektiewe persepsie van waarheid en werklikheid. Dit werk daartoe mee dat die Bybelse hermeneutiek hom in 'n impasse bevind, sodat dit vir die gereformeerde hermeneutiek noodsaaklik geword het om sy vaste punt, die hermeneutiese vertrekpunte waarop die gereformeerde eksegeese gegrond is, opnuut te definieer. Hierdie artikel wil dit doen deur 'n kort bestekopname van die hermeneutiese vertrekpunte van die gereformeerde eksegeese te

maak en dit vanuit nuwe insigte wat oor die afgelope halfeeue van hermeneutiese besinning na vore gekom het, aan te vul en te verryk.

1. Inleiding

Tot en met die vyftigerjare van die twintigste eeu was die verklaring van die teks van die Bybel by gereformeerde¹ biblioloë 'n redelik onomstrede saak. Ook wat Bybelse hermeneutiek betref, was daar redelike konsensus dat dit die taak van hierdie dissipline is om die reëls vir Skrifverklaring volgens gereformeerde uitgangspunte te formuleer en te sistematiseer (bv. Terry, s.j.; Grosheide, 1929; Greijdanus, 1946; Berkhof, 1971). Die koms van die sogenaamde Nuwe Hermeneutiek in die sestigerjare van die vorige eeu het egter as stimulus vir biblioloë gedien om na alternatiewe modelle vir die hermeneutiek buite die “tradisionele” hermeneutiese verklaringsreëls te soek. Sedertdien was hermeneutiese besinning – ook binne tradisioneel gereformeerde geledere – hoofsaaklik daarop gerig om nuwe “sleutels” tot die verstaan van die teks van die Bybel te vind. In hierdie proses is belangrike nuwe inligting vir die Bybelse eksegeese ontsluit. Ongelukkig is die verryking wat hierdie nuwe inligting op die gevestigde (gereformeerde) hermeneutiek kon hê, tot 'n groot mate deur die volgende faktore gekortwiek:

- Die nuwe modelle is meestal as eksklusiewe alternatiewe uitgewerk, nie om die bestaande hermeneutiese verklaringsreëls uit te bou of aan te vul nie, maar met die doel om dit te vervang (bv. Vorster, 1977:4). Trouens, die voortdurende soeke na nuwe hermeneutiese “sleutels” het daartoe gelei dat ook die nuwe hermeneutiese modelle wat ontwerp is, telkens moes plek maak vir 'n nog nuwer model (vgl. Lategan, 1984:2-8).
- Sommige van hierdie nuwe modelle het hulle nie net van die verklaringsreëls nie, maar ook die hermeneutiese vertrekpunte van die gevestigde (gereformeerde) eksegeese gedistansieer. Hierdie vertrekpunte raak nie net beskouings oor taal, teks en verstaan nie, maar ook beskouings oor die Bybel self (vgl. Goldsworthy, 2006:130-165).

1 In hierdie artikel word onderskei tussen *gereformeerde* (met 'n kleinletter), waarby almal ingesluit is wat die Drie Formuliere van Eenheid as belydenis onderskryf, en *Gereformeerde* (met 'n hoofletter), wat verwys na lidmate van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

Teen die einde van die twintigste eeu het dekonstruksie en post-modernisme 'n uitwerking op nuwe ontwikkelings in die hermeneutiek gehad. Daarmee het die Bybelse hermeneutiek egter 'n dooiepunt bereik. In die postmodernistiese denke word die waarheid van 'n kontroleerbare bevinding immers vir die individu se subjektiewe persepsie van waarheid en werklikheid ingeruil (Steenekamp & Van Aarde, 1991:475). In só 'n opset is daar geen reëls vir verstaan nie en het Hermeneutiek as wetenskaplike dissipline inderwaarheid sy bestaansreg verloor. Anders gestel: alles het hermeneutiek geword, en hermeneutiek het onmoontlik geword.

Te midde van hierdie impasse waarin die alternatiewe modelle en vertrekpunte die Bybelse hermeneutiek laat beland het, het dit vir die gereformeerde hermeneutiek noodsaaklik geword om sy vaste punt opnuut te definieer. Hierdie vaste punt is die hermeneutiese vertrekpunte waarop die gereformeerde eksegeese gegrond is, aangevul deur nuwe inligting wat in die gereformeerde eksegeese ingebed word, sonder om na 'n alternatiewe eksegetiese model te neig. Die doel van hierdie artikel is om aan hierdie behoefte te voldoen, deur 'n kort bestekopname van die hermeneutiese vertrekpunte van die gereformeerde eksegeese te maak en dit vanuit nuwe insigte wat oor die afgelope halfeeu van hermeneutiese besinning na vore gekom het, aan te vul en te verryk.² Hierdie definiëring word aan die hand van die volgende hoofpunte gedoen:

- Skrifbeskoulike vertrekpunte
- Grammaties-historiese eksegeese as benadering
- Die verhouding tussen Ou Testament en Nuwe Testament
- Vertrekpunte vir gereformeerde hermeneuse

2 In die geskiedenis van die kerk het dit dikwels gebeur dat daar 'n probleem rondom die verklaring van die Skrif oor 'n bepaalde saak ontstaan. Só het dit in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika rondom die oorgang van die twintigste na die 21e eeu gebeur met betrekking tot die verstaan van die Skrif oor die plek van die vrou in die kerk en die samelewing. Die verskil van mening oor hoe die Skrifuitsprake verstaan moet word, het dit genoodsaak dat daar opnuut oor die hermeneutiese vertrekpunte van die gereformeerde eksegeese besin is. Hierdie besinning het neerslag gevind in die boek *Manlik en vroulik in die kerk: geslagtelikheid en die besondere dienste* (Breed et al., 2008). Hierdie artikel benut navorsing wat in hierdie boek gepubliseer en ook later deur die Algemene Sinode van die GKSA in 2009 benut is.

2. Skrifbeskoulike vertrekpunte

2.1 Die Bybel is die Woord van God

Die gereformeerde hermeneutiek gaan van die belydenis uit dat die Bybel die Woord van God is (Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB), art. 3). In die Bybel is God aan die woord. Ten diepste is die Bybelse hermeneutiek dus daarop gerig om te verstaan wat God in die Bybel sê. God se spreke in die Bybel is 'n spreke waarin Hy Homself en sy wil aan mense openbaar, waarby die weg tot redding inbegrepe is wat Hy volgens sy wil aan die mens skenk (NGB, art. 2). As sodanig maak God in die Bybel 'n waarheid bekend wat objektief van die mens bestaan – ewig, altyd geldend en met onweerspreekbare goddelike gesag (NGB, art. 7).

Die hermeneutiese implikasies hiervan is verreikend. Die sake wat God in die Bybel bekendmaak – sy wese en sy wil – is as sodanig sake wat buite die mens se ervaringswêreld en in elk geval bo die in-sonde-gevalle-mens se begrip lê. Hierin is 'n inherente verstaansprobleem opgesluit waarmee die gereformeerde hermeneutiek deeglik rekening moet hou. Enersyds beteken dit dat die eksegeet moet aanvaar dat nie alles in die Bybel noodwendig vir hom verstaanbaar sal wees nie. Soms sal die eksegeese met 'n *non liquet*-bevinding moet volstaan. Andersyds beteken dit dat die eksegeet vir die verstaan van die Bybel nie bloot op eie insigte kan staatmaak nie. Hy word afhanklik van die (ver-)lig(-ting) van die Heilige Gees gestel.

Die erkenning van die Heilige Gees as die eintlike Outeur van die Bybel (NGB, art. 3) hang ten nouste saam met die uitgangspunt dat God die Bybel by wyse van inspirasie deur sy Gees laat skryf het. Hieroor meer in punt 2.2. Die belang hiervan vir die hermeneutiek is dat die eksegeet moet besef dat hy nie met 'n teks te doen het waarvan die outeur “verdwyn” nie. Die literêr-kritiese gedagte dat elke teks vanweë sy “verdwene outeur” outonoom geraak het (vgl. Stoker, 1995:163), kan dus nie sonder meer op die Bybel van toepassing gemaak word nie. Die Outeur van die Bybel, die Heilige Gees, is altyd lewend en by die eksegeese teenwoordig. Dit beteken dat die eksegeet ten einde te verstaan, (toe-)lig(-ting) van die Outeur kan ontvang en inderdaad daarna moet vra en 'n milieu moet skep waarin hy daarvoor ontvanklik is.

2.2 Die Bybel is die Woord van God, deur mense geskryf

Wat egter ook deur die hermeneutiek in berekening gebring moet word, is dat God dit wat Hy aan mense wou openbaar, deur mense in menslike woorde en geskrifte laat opteken het (vgl. NGB, art. 3). In hierdie proses het God die menslike skrywers se arbeid geïnspireer. Die wyse waarop die inspirasie plaasgevind het, kan as *organiese inspirasie* getipeer word. God het die skrywers se arbeid só geïnspireer dat dit wat hulle geskryf het, sy openbaring aan mense oordra. Hierdie inspirasie impliseer egter nie dat die skrywers se eie persoonlikhede, agtergrond en ander omstandighede uitgesluit is nie; hulle het elkeen binne die konteks van hulle eie historiese situasie geskryf.

Daar is dus 'n onmiskenbaar menslike aspek by die Bybel betrokke. Dit is in die taal en styl van menslike outeurs geskryf. Dit gee blyke van die historiese situasie van die menslike outeurs en die betrokke samelewing van destyds. Dit is gerig op die lewensproblematiek van menslike outeurs en hulle lesers.

Organiese inspirasie beteken egter nie dat sekere dele van die Bybel menslik en ander dele goddelik is nie. Die Bybel in sy geheel is en bly volkome God se Woord wat onder inspirasie van die Heilige Gees deur mense geboekstaaf is. 'n Hermeneutiek wat trag om goddelike dele uit die "menslike" dele te selekteer, laat nie reg aan die goddelike aard van die Bybel geskied nie. Aan die ander kant laat 'n hermeneutiek wat die menslike aspek van die Bybel ignoreer, nie reg geskied aan die wyse waarop God sy Woord laat boekstaaf het nie. Die Bybel is die Woord van God en wel op so 'n wyse dat al die historiese en menslike aspekte daarvan ten volle verreken is.

Hierby moet ook met die onderskeid tussen sy Woord in formele en in materiële sin rekening gehou word. Nie alle woorde in die Bybel is God se eie woorde nie. Waar Satan byvoorbeeld aangehaal word, is dit in materiële sin nie God se woorde nie. Tog is elke woord wat in die Bybel geskryf is, formeel as die Woord van God beskou: dit is wat Hy aan die mensdom wil bekendmaak (Hy maak immers ook bekend wat Satan en die goddelose mens sê, dink en doen).

2.3 Die Bybel is die ewige en altyd geldende Woord van God

Die belydenis dat die Bybel ewig en altyd-geldend is,³ beteken die erkenning dat die Bybel God se bedoeling was om sy openbaring aan mense van alle tye, plekke en omstandighede te bring. Hierdie erkenning is baie belangrik vir die Bybelse hermeneutiek, aangesien dit beteken dat in die eksegeese enersyds met die tydsgerigtheid van die Bybel rekening gehou word en andersyds met die skopus van die openbaring (vgl. Coetzee *et al.*, 1980:24-33).

2.3.1 Die Bybel is tydsgerig maar nie tydsgebonde nie

Die feit dat God se woord ewig (tydloos) is, beteken nie dat dit buite die tyd staan nie. God stuur nie sy woord in 'n lugleegte in nie, maar praat met mense binne die konkrete situasie van hulle eie tydsomstandighede. Daar kan dus gesê word dat die Bybel tydsgerig is. Die tydsgerigtheid van die Bybel is tweërlei van aard:

- Enersyds het die Bybel tydsgerig ontstaan. Kronologies beskou, is die betrokke Bybelboek in die eerste plek op die eerste lesers/hoorders van hierdie Bybelboek gerig. Hulle moet hoor wat God se wil vir hulle onder hulle besondere lewensomstandighede is. Daarom is die Bybel dikwels direk op die problematiek en historiese kwessies gerig waarmee die ontvangers van die betrokke boek in die destydse samelewing geworstel het. Dit beteken egter nie dat die Bybel, soos sommige toepassers van sosiologiese eksegeese dit wil hê, die produk van die destydse samelewing en hulle omstandighede was nie (vgl. Lategan, 1984:9). Die Bybelboeke het nie uit samelewingsomstandighede ontstaan nie, maar is daarop gerig. In die Bybel word dikwels na bepaalde samelewingskonvensies verwys waaraan die eerste lesers gebonde was: soms met goedkeuring, soms met 'n duidelike korrektief daarop en soms met verwerping. Die openbaring van God oor watter optrede en perspektiewe volgens sy wil is, bly altyd geldig – ongeag die samelewingskonvensies. Die Bybel is nie in die eerste plek bedoel om (samelewing-) strukture te herskep of te herstruktureer nie, maar om mense se harte te verander. Deur die veranderde harte verander die Woord bepaalde samelewingstrukture en word spesifieke samelewingskonvensies hervorm (bv. slawerny). God roep dus mense met bekeerde harte om die

3 1 Petrus 1:25: "Die woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is."

samelewing te reformeer. Soms vind hierdie reformatie van die samelewing spoedig plaas; soms gebeur dit egter eers met die verloop van baie eeue.

- Andersyds is die Bybel nie tydsgebonden nie, maar gerig op alle tye. Die Bybel is nie tot die historiese situasie en lewensomstandighede van die eerste lesers beperk of daarbinne vasgevang nie. God se Woord reik déúr die tyd en omstandighede van die eerste lesers verder en prát met die mense van alle tye. Net soos die tale waarin die Bybel geskryf is, vertaal kan word sodat die boodskap latere lesers elkeen in hulle eie taal bereik, so kan ook die tydsgerigte boodskap van die Bybel “vertaal” word om latere lesers elkeen binne hulle eie tyd en omstandighede te bereik. Hierdie laasgenoemde “vertaal”-proses staan bekend as hermeneuse. Net soos gewone vertaling met groot omsigtigheid moet plaasvind sodat die Bybel in die ontvangertaal (doeltaal) so ver as moontlik niks anders sê as wat in die oorspronklike tale gesê is nie, só moet ook die aktiwiteit van hermeneuse daarop gerig wees dat God se openbaring onveranderd tot die hedendaagse mense in hulle eie situasie en omstandighede kom.

2.3.2 Skopus van die openbaring

Die belydenis dat die Bybel ewig en altyd-geldend is, beteken nie dat die Bybel op elke probleem waarvoor ons te staan kom, ’n simplistiese een-tot-een-antwoord gee nie. Ten diepste bied God in die Bybel ’n drieërlei openbaring:

- sy openbaring oor Homself (wie Hy is en wat Hy doen: God, Here, Skepper van alle dinge, Onderhouer en Regeerder);
- die wyse waarop Hy verlossing bewerk (dat Hy in Christus die sonde oorwin, die skuld kwytskeld, en sodoende die verhouding tussen Hom en sy beelddraer herstel tot dié van Vader en kind); en
- die wyse waarop Hy, as Here en God, gedien en geëer word (hoe die verlore in alles wat hy doen, sê en dink, moet wys dat hy vanuit ’n herstelde verhouding met God leef).

Die implikasies hiervan vir die hermeneutiek is dat die eksegeet daarop bedag moet wees dat hy nie die Bybel moet “oorvra” nie. Wanneer die Bybel oorgesien word, lei dit maklik tot inleg in plaas van uitleg. Dit geld nie net vir die skopus van die Skrif as geheel nie, maar ook vir die skopus van ’n bepaalde Skrifdeel (vgl. 3.1.3).

2.4 Die Heilige Gees as eintlike Eksegeet

In 2.1 is daarop gewys dat die Heilige Gees as die eintlike Outeur van die Bybel altyd by die eksegeese teenwoordig is en die menslike eksegeet in die verstaan van die Skrif lei en verlig. Hierdie leiding en verligting vind nie onafhanklik van die Skrif plaas nie. Dit is dus nie asof die Heilige Gees op sy eie, buite die Skrif om werk nie. Die getuigenis van die Heilige Gees is ten nouste verbind tot, en verweef met die inhoud van die Skrif (Joh. 14:26;⁴ 16:12-15;⁵ 1 Kor. 2:10-14⁶).

Die feit dat God die Outeur van die Bybel is, hou, onder andere in dat die verskillende Bybelboeke nie in isolasie van mekaar verklaar moet word nie, maar in onderlinge openbaringshistoriese samehang.

Die belang hiervan vir die hermeneutiek is dat daar duidelik onderskei moet word tussen dit wat in die Bybel geskryf staan en die leser se eie verklaring daarvan. Dit wat in die Bybel geopenbaar word, staan vas en die leser se verklaring daarvan moet altyd weer aan die Bybel gemeet word. Die verantwoordelikheid rus dus op die verklaarder om alles in sy⁷ vermoë te doen om die eie verklaring te

4 Johannes 14:26: “²⁶en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.”

5 Johannes 16:12-13:

¹²Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle sal dit nie nou kan begryp nie. ¹³Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig.

6 1 Korintiërs 2:10-14:

¹⁰Aan ons dan het God dit deur die Gees bekend gemaak, want die Gees deursoek alle dinge, ook die diepste geheimenisse van God. ¹¹Watter mens ken die verborge dinge van 'n mens behalwe die gees van die mens wat in hom is? So ook ken niemand die verborge dinge van God nie, behalwe die Gees van God. ¹²Die Gees wat ons ontvang het, is nie die gees van die wêreld nie, maar die Gees wat van God kom. So weet ons wat God ons uit genade geskenk het. ¹³Dit verkondig ons ook, nie met geleerde woorde wat die menslike wysheid ons leer nie, maar met woorde wat die Gees ons leer. So verklaar ons geestelike dinge aan mense wat die Gees het. ¹⁴Die mens wat nie die Gees van God het nie, aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie. Vir hom is dit onsin. Hy kan dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word.

7 Die manlike vorm van die voornaamwoord sluit albei geslagte in.

kontroleer. Hierdie kontrole hou, onder andere die volgende vertrekpunte in:

- Die eksegeet moet erns maak met Skrifbeginsels wat vir suiwer Skrifverklaring noodsaaklik is en sulke beginsels deel van die hermeneutiek maak waarop sy eksegeese berus.
- Die eksegeet mag nie optree asof hy dink hy is die eerste wat die Bybel onder leiding van die Heilige Gees bestudeer nie, maar moet daarmee rekening hou dat ander gelowiges voor hom ook die Skrif onder leiding van die Heilige Gees bestudeer het. In soverre daardie gelowiges se eksegeese beskikbaar is (bv. in kommentare), moet hy dit raadpleeg – nie om hulle boeke/standpunte met die Bybel gelyk te stel nie, maar om sy eie verklaring daarmee te weeg; om met werklike openheid te gaan kyk of hy nie deur die insette van medegelowiges tot ander insigte gebring word nie.
- Die eksegeet moet ook voortdurend in sy soeke na die leiding van die Heilige Gees, Skrif met Skrif vergelyk, en bepaal of die Gees dalk deur ander dele van die Bybel noodsaaklike lig werp op 'n onderdeel waarmee die eksegeet worstel. Daarmee saam moet hy voortdurend bid vir en wag op die leiding van die Heilige Gees.

Die erkenning van die Heilige Gees as die eintlike Eksegeet maak die menslike eksegeet nederig in die besef van sy eie gebrekkige insig. Die volgende behoort dus deel van sy hermeneutiek te wees:

- Hy moet sy eie vooronderstellings so duidelik en logies moontlik stel.
- Hy moet erken dat sy eksegeese binne 'n bepaalde teologiese tradisie (*in casu* die gereformeerde hermeneutiek) staan en dat sy Bybeluitleg daardeur beïnvloed word.
- Hy moet deurentyd daarmee rekening hou dat sy eie persoon, tyd en problematiek daartoe meewerk dat hy die Bybel op 'n eie manier lees. Daarom moet hy alles in die stryd werp om te voorkom dat sy eie tydsomstandighede die bril word waardeur hy die Bybel lees en verklaar. Tog is die Bybel ook bedoel vir die kontemporêre tyd en omstandighede en daarom moet hy profeties in staat wees om by wyse van hermeneuse die Skrif se lig ook op die kontemporêre tydsomstandighede te laat skyn.

In erkenning van die Heilige Gees as die eintlike Eksegeet, moet die gereformeerde eksegeet daarteen waak om Bybelse gesag aan sy

die verklaring en hermeneuse te gee. Sedert die sondeval het elke mens immers 'n gebroke, subjektiewe en onvolledige uitsig op die werklikheid en daarom bly elke eksegeet se insig en verstaan van die Bybel beperk. Oor moeilike sake bly dit 'n biddende soeke na 'n korrekte verklaring om ook, ten opsigte van die onsekerhede wat nog bestaan, steeds meer duidelikheid te kry. Dit is egter nie 'n hopelose soektog nie. Alhoewel die eksegeet weet dat niemand in hierdie bedeling God se openbaring in die Bybel volmaak sal begryp of volkome verstaan en formuleer nie, verander dit niks aan die eis dat hy alles moet inspan om juis daardie insig te bereik nie. As gelowige hou die eksegeet aan Christus se belofte vas dat die Heilige Gees die gelowiges in die volle waarheid lei (Joh. 14:26;⁸ 16:13⁹).

3. Grammaties-historiese eksegeese as benadering

Grammaties-historiese eksegeese is 'n hermeneutiese model waarvan die wortels in die eksegetiese praktyke van die vroeë kerk te vinde is (vgl. Van Deventer, 2009:8) en wat sedert die Reformasie binne gereformeerde kringe nagevolg en verder ontwikkel is (Hasel, 1978:19). Die benaming *grammaties-historiese eksegeese* (wat by nabaat aan die model toegeken is) is tot 'n groot mate selfverduidelikend. In hierdie hermeneutiese model dien dit wat in die Bybel geskryf staan, as grondslag vir die eksegeese. Hierby is die grammatiese aspek daarvan ingesluit, waaronder taal, styl, idioom en literêre genre. Uiteindelik moet rekenskap gegee word van dit wat in die Bybel geskryf staan. Op grond van die organiese inspirasie van die Bybel en die gevolglike tydsgerigtheid daarvan, word daarna gestreef om dít wat in die Bybel geskryf staan binne die historiese situasie en sosiale/kulturele omstandighede waarop dit gerig is, te verstaan. Daar word veral rekening gehou met die feit dat dit wat in die Bybel geskryf staan, deel van God se openbaring uitmaak. Daarom word die openbaringshistoriese konteks van elke Skrifdeel deeglik verreken.

8 Johannes 14:26: “²⁶en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.”

9 Johannes 16:13: “¹³Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig.”

3.1 “Grammaties” binne die grammaties-historiese benadering

Die kwalifikasie van hierdie hermeneutiese model as *grammaties-histories*, dien as aanduiding dat die vertrekpunt vir die eksegeese altyd dit is wat geskryf staan (grammaties). Die eksegeet moet eers duidelikheid kry oor wat daar presies geskryf staan – die bewoording en die betekenis daarvan (tekskritiese kontrole en grammatiese ontleding), asook die samehang met dit wat verder geskryf is (tekstuele konteks).

3.1.1 Tekskritiese kontrole

Deur tekskritiese kontrole van die betrokke Skrifdeel te doen, moet die eksegeet hom van die bewoording van die teks vergewis. Oorskryffoute wat in die handgeskrewe kopieë van die Bybel bestaan, is deur tekskritici so goed moontlik in hedendaagse gedrukte uitgawes van die Bybelteks geïdentifiseer en uitgeskakel. Aangesien tekskritici onderling van mekaar oor sommige van die skryffoute verskil, bestaan verskeie gedrukte uitgawes van die Bybel in die oorspronklike tale, soos die Nestlé/Aland-uitgawe (Nestle & Aland, 1957), die UBS-uitgawe (Aland *et.al.*, 1993), die Hodges/Farstad-uitgawe (Hodges & Farstad, 1982; meerderheidstekst) en die Kilpatrick-uitgawe (Kilpatrick, 1961-1964; BFBS²). Deur die bevindings van sulke gedrukte uitgawes met mekaar te vergelyk, kan die eksegeet tot ’n verantwoorde keuse kom ten opsigte van die grondteks waaruit hy sy eksegeese doen.

3.1.2 Grammatiese ontleding

Die heel eerste taak van die eksegeese is om die betekenis van die woorde binne hulle sintaktiese samehang na te gaan. Die eksegeet moet immers duidelikheid hê oor wat die teks sê. Omdat hierdie deel van die eksegeese met elke letter en elke woord in die teks gemoeid is, staan dit bekend as “detaileksegeese”. Detaileksegeese behels ’n verskeidenheid aktiwiteite, waaronder morfologiese, sintaktiese, semantiese en stilistiese analise. By laasgenoemde kan ook van die insigte gebruik gemaak word wat die studie van epistolografie, retoriek en narratologie in die afgelope tyd vir die hermeneutiek opgelewer het.¹⁰

10 Vergelyk byvoorbeeld ten opsigte van epistolografie, Du Toit (1984:5-12); retoriek, Kennedy (1989); en narratologie, Du Rand (1985).

3.1.3 Tekstuele konteks van die perikoop en die boek

Deeglike verrekening van die tekstuele konteks van sowel die perikoop (paragraaf) as die boek waarin die perikoop is, is baie belangrik, want hierdeur tref die verklaarder 'n voorsorgmaatreël dat hy nie 'n Skrifdeel uit verband verklaar nie.

Perikoopaafbakening berus grootliks op die verklaarder se oordeel oor die gedagte-opbou van die betrokke boek. Binne die geheelargument van die betrokke boek, vervul elke perikoop 'n spesifieke funksie. Die verklaring van die intra-argument van die perikoop moet die funksie van hierdie paragraaf binne die argument van die hele boek verreken.

Die verklaarder moet hom ook vergewis van die plek van die betrokke boek binne die geheelversameling van die Bybel. Eerstens of die boek deel uitmaak van die Ou of die Nuwe Testament. Daarna moet uitgeklaar word van watter versameling die boek deel uitmaak, byvoorbeeld of dit een van die historiese boeke van die Ou Testament, of een van die profeteboeke, of een van die Evangelies, of een van die briewe is. Hierdie verrekening het enersyds belangrike implikasies vir die bepaling van die genre van die betrokke boek en andersyds vir die bepaling van die buitetekstuele konteks (sowel openbaringshistories as kultuurhistories). Hierby moet ook in gedagte gehou word dat daar soms mikrogenres binne ruimer genres voorkom (bv. 'n lied binne 'n ruimer historiese genre).

3.2 “Histories” binne die grammaties-historiese benadering

3.2.1 Bepaling van die openbaringshistoriese plek

As deel van die belydenis dat die Bybel God se Woord is waarin Hy sy openbaring in geskrewe vorm aan die mens gee, gaan die gereformeerde hermeneutiek van die standpunt uit dat elke deeltjie van die Bybel deel van God se openbaring vorm. Daarby word in ag geneem dat God se openbaring nie in 'n tydsvakuum plaasgevind het nie, maar dat Hy Homself en sy wil *in die geskiedenis* openbaar (vgl. Coetzee, 1995a:4). God ontvou sy openbaring in die geskiedenis vanaf die vroegste tot die laatste Bybelboek. Op hierdie ontvouende openbaringshistoriese lyn neem elke deel van die Bybel 'n besondere plek in. Dit is dus belangrik dat in die eksegeese ondersoek ingestel word na die openbaringshistoriese plek wat die betrokke Skrifdeel binne die geheel van die godsopenbaring beklee. Dit beteken dat die openbaringshistoriese lyne wat soos goue drade regdeur die Skrif loop, beskryf moet word. Daar moet ook aangetoon word hoe die betrokke Skrifdeel wat bestudeer word daarmee

saamhang en watter bydrae dit tot die betrokke openbaringshistoriese lyn lewer.

Dit is uiteraard nie vir 'n eksegeet moontlik om elke keer *de novo* al die openbaringshistoriese lyne van die Skrif na te vors nie. In openbaringshistoriese studies soos dié van Ridderbos (1971), Coetzee (1995b) en Van der Walt (1997) is reeds verskeie openbaringshistoriese Skriflyne beskryf, soos die skepping-sonde-versoening, die verbond, die nuwe lewe, die kerk, en die koninkryk van God. Aangesien die belydenis van die kerk 'n samevatting is van dit wat God in die Skrif openbaar, kan die gereformeerde belydenisskrifte vanuit die gereformeerde tradisie as die mees beproefde oorsig oor die Skrifopenbaring gesien word. Die Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leerreëls kan dus as 'n belangrike hulpmiddel (kompas) vir gereformeerde Skrifverklaarders dien om 'n verskeidenheid openbaringshistoriese lyne van die Skrif te identifiseer.

Waarskynlik die heel bondigste samevatting wat die Belydenisskrifte van die Skrifopenbaring gee, word in Artikels 2-7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis aangetref – artikels wat oor God se openbaring in die Skrif handel. Die drievoudige skopus wat hierin gevind word, lê drie sentrale (en terselfdertyd baie breë) openbaringslyne van die Skrif bloot, naamlik die heerlijkheid van God, die wil van God en die verlossing van die mens.¹¹ Breedweg beskou, behoort eksegete dus by Skrifverklaring ten minste na die samehang te vra tussen die betrokke Skrifdeel en die breë openbaringslyne van God se heerlijkheid, sy wil en die verlossing.

Uiteindelik word die betrokke Skrifdeel se openbaringshistoriese samehang deur 'n proses van Skrif-met-Skrif-vergelyking gekontroleer. Die eksegeet moet dit wat in die Skrifdeel na vore kom, met aanverwante Skrifdele vergelyk, en dan die totale openbaring tot 'n geheelbeskrywing saamvoeg. In hierdie samevoeging van tersaaklike Skrifdele, geld die skrifbeskoulike vertrekpunt van die duidelikheid van die Skrif. In die gereformeerde hermeneutiek is die vertrekpunt altyd die *aksiomatiese* en nie die *problematiese* nie. In enige openbaringshistoriese/eksegetiese ondersoek word dus altyd by die Skrifdele wat duidelik(-er) oor die onderhawige saak spreek, begin.

11 Die drievoudige skopus kan ook in trinitariese verband gebring word met die Vader (aan Wie die heerlijkheid bo alles toekom), die Seun (ons Verlosser) en die Heilige Gees (wat die wil van God openbaar en gehoorsaamheid in die mens se hart bewerk).

Vandaar af word na daardie Skrifdele beweeg wat minder duidelik spreek, en nie andersom nie. Sodoende is die Skrif sy eie verklaarder.

3.2.2 Bepaling van die kultuurhistoriese gerigtheid¹²

Vanweë die tydsgerigte aard van die Bybel, is dit nodig dat die eksegeet die mees kontroleerbare konstruksie probeer maak van die kultuurhistoriese situasie waarbinne die outeur en die eerste lesers hulle bevind het. Hiervoor moet kultuurhistoriese inligting wat die Bybel self bied, op 'n verantwoorde wyse aangevul word met inligting uit ander relevante antieke bronne. Die data wat vir die konstruering van die kultuurhistoriese konteks nodig is, is, veral vir die Nuwe Testament, geredelik beskikbaar (bv. Barnhart & Kraeger, 2000). By die verdiskontering van kultuurhistoriese konstruksies in die verklaringsproses moet teen die volgende uiterstes gewaak word:

- Een uiterste is om hierdie data bloot as interessante agtergrond-gegewens te beskou, so asof dit wat in die Bybel geskryf staan, nie werklik daarop gerig is nie.
- 'n Ander uiterste is om Bybelboeke as 'n produk van die destydse sosiale wêreld te wil verklaar (vgl. Elliott, 1981:21), so asof die Bybel nie God se Woord is wat Hy op die gelowiges van alle tye gerig het nie.
- 'n Verdere gevaar waarteen gewaak moet word, is dat die kultuurhistoriese inligting of konstruksie wat vanuit die antieke bronne gemaak word, sodanig gebruik word dat dit nie net die betrokke Bybeldeel toelig nie, maar dit selfs troef, tot so 'n mate dat dit wat in die Bybeldeel geskryf staan, as ongeldig of onwaar verklaar word. In hierdie verband geld dit wat in artikel ses van die Nederlandse Geloofsbelydenis oor die Ou-Testamentiese apokriewe geskifte verklaar word, naamlik dat “lering daaruit getrek kan word vir sover hulle met die kanonieke boeke ooreenstem”, maar dat hulle “nie in die minste aan die gesag van die kanonieke boeke mag afbreuk doen nie”.

12 Hierdie afdeling benut navorsing wat gepubliseer is in die artikel “Dékor of konteks? Die verdiskontering van sosio-historiese gegewens in die interpretasie vir die prediking en pastoraat van 'n Nuwe Testamentteks” (Janse van Rensburg, 2000:564-582).

Binne die gereformeerde hermeneutiek behoort die volgende oorwegings by die verrekening van die kultuurhistoriese konteks in die verklaringsproses te geld:

- Die Skrifverklaarder moet in gedagte hou dat die inhoud van elke boek in die eerste plek op die sosiale en politieke werklikhede van dáárdie era gerig is. Die historiese persone wat in die boek optree, was werklike persone wat deel was van 'n dinamiese samelewing en hulle was in interaksie met daardie samelewing. Die betrokke perikoop/boek moet daarom verklaar word *met deeglike inagneming van die tersaaklike kultuurhistoriese gegewens wat die Bybel self voorsien, aangevul deur tersaaklike gegewens uit ander antieke bronne*.
- Die Skrifverklaarder moet in sy kultuurhistoriese ondersoek 'n sosiohistoriese benadering (teenoor 'n sosiowetenskaplike benadering) volg. Dit beteken dat die benadering emies¹³ moet wees en nie eties¹⁴ nie.
- Alhoewel die kultuurhistoriese konteks van 'n hele boek van belang is, is dit nie voldoende om die ondersoek daartoe te beperk nie. Ook dit wat spesifiek vir die betrokke perikoop tersaaklik is, moet ondersoek word. In die praktyk behels dit die volgende:
 - *Boek*: Ten opsigte van die kultuurhistoriese gerigtheid van die hele boek sluit dit sake in soos die ligging van die woonplek van die eerste lesers/hoorders, die bevolkingsamestelling van daardie stad/gebied, die politieke omstandighede van die stad/gebied, die gangbare godsdienste), filosofiese stromings, ensovoorts.
 - *Perikoop*: Vir die konstruksie van die kultuurhistoriese gerigtheid van die betrokke perikoop moet die perikoop self gefynkam word om te bepaal watter sosiale, politieke en/of godsdienstige fasette van die lewe van die eerste lesers by die verklaring van die perikoop tersaaklik kan wees. Hierdie fasette word dan as 't ware die soekwoorde om inligting te

13 'n Emiese benadering laat die klem op die situasie van destyds val. Data en verskynsels word in terme van die funksies binne die destydse samelewing beskryf. Die data en verskynsels dikteer as 't ware die ondersoek.

14 'n Etiese benadering wil ook die situasie van destyds bestudeer, maar wel in terme van teorieë en modelle wat in die huidige tyd op grond van data en verskynsels in huidige samelewings ontwikkel is. Die ondersoek word deur die betrokke teorie/model gedikteer.

versamel om die kultuurhistoriese situasie wat vir die betrokke perikoop relevant is, te konstrueer.

4. Die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament¹⁵

4.1 Basiese hermeneutiese vertrekpunt

Die Ou en die Nuwe Testament is ewe veel die Woord van God en hierdie twee Testamente vorm 'n eenheid. Tog is daar 'n onderskeid tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament en daar moet gevra word na die verhouding tussen die twee Testamente.

4.2 Die aard van die verhouding word slegs gedeeltelik deur verskillende beelde gedefinieer

Die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament kan met verskillende beelde beskryf word. Hierdie beelde gee elkeen 'n faset van die verhouding tussen die Ou en Nuwe Testament, maar geen enkele beeld slaag daarin om alle wesenlike fasette te verbeeld nie:

- Een só 'n beeld is dié van voorspelling (die Ou Testament) en vervulling (die Nuwe Testament). 'n Leemte van hierdie beeld is dat dit die onhoudbare indruk kan wek dat daar vir die Ou-Testamentiese gelowige nog geen sprake was van 'n eie intieme persoonlike verhouding met God nie.
- 'n Ander beeld is dié van 'n blomknop (die Ou Testament) en die blom wat oopgegaan het (die Nuwe Testament). Hierdie beeld laat die fokus op die waarheid val dat alles wat in die Nuwe Testament geopenbaar word, reeds in die Ou Testament is, al is dit in die kiem en nog nie ontvou nie. 'n Leemte is egter dat hierdie beeld té evolusionêr is, so asof daar slegs maar van die ontwikkeling van 'n meer primitiewe na 'n meer ontwikkelde fase sprake is.
- Nog 'n ander beeld is dié van belofte (die Ou Testament) en vervulling van die belofte (die Nuwe Testament). 'n Leemte van hierdie beeld is ook dat dit nie voldoende verduidelik dat die Ou Testament self ook volledig Woord van God is en nie bloot belofte in die sin van voorspelling is wat eers in die toekoms iets kan bied nie.

15 Hierdie afdeling is 'n verwerking van klasaantekeninge wat gemaak is tydens 'n seminar van prof. J.L. Helberg in 1978 binne die vak Hermeneutiek van die Ou Testament (vgl. Helberg, 1978:1-6).

Geen enkele beeld kan volledig aan die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament reg laat geskied nie.

4.3 Die verbinding van ewewydige spanningslyne¹⁶ in die Persoon van Christus

Dit is Christus wat tussen die Ou en die Nuwe Testament staan en wat die Testamente skei sowel as verbind. Die nuwe bedeling van die Nuwe Testament word nie deur 'n groei in denke of die ontwikkeling van 'n verlossingsidee bewerk nie. Die nuwe bedeling word deur die koms van Christus bewerk. Sy koms is die *vervulling* van sy voorafskaduwings, níé 'n *ontwikkeling* daarvan nie. Deur die Persoon van Christus bind God die ewewydige spanningslyne sáám, verbind dit en laat dit gesamentlik in die voleinding uitloop op die volkomenheid van die nuwe bedeling.

Die feit dat die lyne in Christus verbind word, hou onder andere ook in dat daar nie 'n ander waarheid in die Nuwe Testament as in die Ou Testament geopenbaar word nie. Dit is dieselfde waarheid, wat wel in 'n ander en nuwe historiese situasie geopenbaar word. Hierdie veranderde historiese situasie bring in baie gevalle meer lig. Op hierdie wyse is daar voortgang en groei in die openbaring. Dit beteken egter nie dat die openbaring gaandeweg 'n ontwikkelder of suiwerder godsbegrip of verlossingsbegrip kry nie. Daar is nie ontwikkeling *in die feit dat* God verlos nie, maar *oor hoe* Hy verlos, naamlik in en deur die persoon van Jesus Christus.

Die spanningslyne wat in die Ou Testament is, integreer Christus in sy Persoon, veral in en deur sy sterwe en opstanding. Só bring Hy oordeel en genade saam; só bring Hy dood en lewe saam. Hy bring 'n nuwe bedeling, 'n nuwe verbond, 'n nuwe testament. Dit is nog dieselfde verbond, woord, wet, genade en heerskappy. Die situasie het egter nuut geword deurdat God die spanningslyne daadwerklik histories bymekaar gebring het. God hét voluit gestraf én genade bewys! God hét laat sterwe én nuwe lewe verwek! God het 'n wonder laat plaasvind deur hierdie dinge in Christus te verenig. Alle lyne, die hele Ou Testament, is nou in Christus geïntegreer. Geen

16 Met "spanningslyne" word na sake verwys wat vir die mens paradoksaal voorkom en tog in God se openbaring aan mekaar verbind word. Voorbeelde van hierdie spanningslyne is die feit dat God, ondanks die sonde, tog 'n intieme persoonlike verhouding met gelowiges vestig; dat Hy ondanks die dood as gevolg van die sonde van die eerste mensepaar, die menslike geslag laat ontstaan; dat die "dag van die Here" sowel oordeel as verlossing inhou, en-sovoorts.

saak moet op sigself gesien word nie: nóg wet, nóg verbond, nóg oordeel, nóg genade – nie in die Nuwe Testament nie en ook nie in die Ou Testament nie. Vir die persoon wat in Christus is, is die wet vervul, die oordeel voltrek, die verlossing uit genade 'n werklikheid, en die lewe in hierdie bedeling 'n groeiende intieme verhouding met God.

Die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament kan slegs vanuit hierdie vervulling in Christus reg verstaan word.

4.4 Die gebruik van die Ou Testament in die Nuwe Testament¹⁷

Die Nuwe Testament gebruik die Ou Testament op verskillende maniere. Soms haal dit uit die Ou Testament aan, soms bevat dit 'n blote verwysing na 'n deel uit die Ou Testament, en soms bevat dit slegs 'n toespeling op so 'n deel. Soms word die Ou Testament uit die Septuaginta aangehaal, soms uit 'n ander Griekse vertaling van die Ou Testament. By die eksegeese van sulke aanhalings moet die eksegeet met omsigtigheid op die volgende let:

4.4.1 Redes vir die aanhalings en toespelings

Daar is verskeie redes vir die aanhaling van Ou-Testamentiese gedeeltes in die Nuwe Testament. Die Heilige Gees het die Nuwe-Testamentiese skrywers gelei om aan te toon dat Jesus Christus die vervulling van Ou-Testamentiese beloftes oor die koms van die Messias is. 'n Voorbeeld hiervan is die aanhaling in Matteus 2:15 van Hosea 11:1: “So is vervul wat die Here deur 'n profeet gesê het: ‘Uit Egipte het Ek my Seun geroep’.”

In ander gevalle haal die skrywer klaarblyklik aan om daarmee te wys dat sy eie uitspraak gesagvol is. 'n Voorbeeld van laasgenoemde is in 1 Petrus 3:10 te vind. In die vorige vers het die skrywer die lesers opgeroep om nie kwaad met kwaad te vergeld of belediging met belediging nie. Hulle moet eerder met 'n seënswens antwoord, sodat hulle die seën van God kan verkry. Die gesagvolheid van hierdie woorde staaf hy met die volgende uitspraak: “Daar staan geskrywe: ‘As iemand die lewe liefhet en 'n lang lewe

17 Hierdie afdeling is 'n verwerking van 'n rubriek wat Fika J. van Rensburg vir die 1983-vertaling Verwysingsbybel geskryf het, en wat in die Woordelys opgeneem is as “Aanhaling van die Ou Testament in die Nuwe Testament” (Bybel, 1998:1597-1598).

begeer om die goeie te geniet, moet hy sy tong weerhou van kwaadpraat en sy lippe van leuens’.” Die skrywer het hierdie aanhaling uit Psalm 34 gebruik om te beklemtoon dat sy eie uitspraak gesagvol is.

4.4.2 Die manier waarop die Nuwe Testament die Ou Testament aanhaal

Afleidings op grond van die Nuwe-Testamentiese gebruik van die Ou Testament moet met groot versigtigheid gemaak word. Hierdie gebruik het onder andere die volgende ingehou:

- Aanhalings uit verskillende Ou-Testamentiese gedeeltes word baie keer in kombinasie aangehaal, byvoorbeeld in Romeine 11:8-10 word aangehaal uit Jesaja 29:10, Deuteronomium 29:4 en Psalm 69:23-24.
- Baie keer lyk dit asof die kombinasie van aanhalings op grond van ’n blote ooreenkoms tussen woorde gedoen word, byvoorbeeld die aanhalings in 1 Petrus 2:6-8 uit Jesaja 28:16 en Psalm 118:22. Die gemeenskaplike saak tussen die aanhalings is die vermelding van ’n klip of ’n hoekklip.
- Die aanhalings word meestal gemaak sonder om die bron akkuraat of selfs enigsins te vermeld. Daar word ook nie ’n duidelike onderskeid gemaak tussen direkte en indirekte aanhalings nie.
- Die destydse verstaan van teksverband is kennelik anders as wat dit vandag verstaan word. Hierdie tipe verstaan blyk daaruit dat ’n Nuwe-Testamentiese skrywer dikwels nie die teksverband van die betrokke aanhaling in die Ou Testament in ag neem nie. ’n Voorbeeld hiervan is juis die aanhaling van Hosea 11:1 in Matteus 2:15. In Hosea 11:1 dui die woorde, “uit Egipte het Ek my Seun geroep”, op die historiese uittrek van Israel as jong volkie uit Egipte. Matteus pas dit onder inspirasie van die Gees, toe op Jesus en sy ouers se terugkeer uit Egipte.

In alle gevalle het die skrywer, onder inspirasie van die Heilige Gees, met die aanhalings en toespelings daarin geslaag om die boodskap wat hy wou kommunikeer, des te effektiewer tuis te bring.

4.5 Die Ou Testament is steeds in eie reg te verstaan

Die voorafgaande laat duidelik blyk dat dit nie geldig is om die Nuwe Testament se toepassing van die betrokke Ou-Testamentiese dele as die enigste geïnspireerde toepassing van daardie gedeeltes te

beskou nie. Die bedoeling van die Nuwe-Testamentiese skrywer was immers nie altyd om die Ou-Testamentiese gedeeltes binne die Ou-Testamentiese konteks te hanteer nie. Die bedoeling was eerder om vanuit die Ou Testament die gesag van sy eie argument aan te toon.

Die betrokke Ou-Testamentiese gedeelte kry dikwels 'n funksie in die Nuwe Testament wat dit nie met die eerste oogopslag in die Ou Testament self gehad het nie. Dit sal gevolglik eensydig wees om Ou-Testamentiese gedeeltes uitsluitlik te verklaar soos die betrokke gedeelte in die Nuwe Testament gebruik en toegepas word. Die bedoeling met die aanhaling was dikwels nie om die Ou Testament te verklaar nie, maar om die argument in die Nuwe-Testamentiese konteks te dien.

5. Vertrekpunte vir gereformeerde hermeneuse¹⁸

Aangesien God se Woord ook op die lewens- en tydsomstandighede van die hedendaagse lesers gerig is, volg dit noodwendig dat die resultaat van die hele eksegeeseproses (waardeur vasgestel is wat God in die betrokke Skrifdeel openbaar) na die lesers/hoorders van vandag oorgebring word. Hierdie proses staan in die gereformeerde hermeneutiek bekend as hermeneuse. Hierdie oorbring van die resultate van die eksegeese na die hedendaagse lesers se lewensomstandighede, is deel van die profetiese taak van die Woordbedienaar (vgl. Floor, 1982:34). Hermeneuse vind daarom onder leiding van die Heilige Gees plaas. Terselfdertyd plaas dit die verantwoordelikheid van geldige en toepaslike hermeneuse op die eksegeet.

Geldige en toepaslike hermeneuse vereis dat dieselfde troos en opdrag aan die hedendaagse hoorders oorgedra word as dit wat die Here in sy Woord gee. Dit beteken dat die eksegeet moet probeer vasstel wat die indikatief (heilsfeite) en wat die imperatief (opdrag) van die betrokke Bybeldeel is. Die eksegeet moet seker maak dat hy in die hermeneuseproses nie van hoofsaak bysaak maak nie, en omgekeerd. Verder maak geldige en toepaslike hermeneuse erns met die tydsgerigtheid van die Skrif. Dit beteken dat die eksegeet hom van die historiese situasie moet vergewis waarop die betrokke

18 In hierdie afdeling word sterk gesteun op 'n studiestuk wat G.J.C. Jordaan (2000) opgestel het vir die studiedeputate insake die viering van die Nagmaal, wat by die sinode van 2000 gerapporteer het.

Skrifdeel in die eerste plek gerig was, sodat hy dit op 'n soortgelyke situasie van die hedendaagse hoorders kan toepas.

5.1 Die onderskeid tussen indikatief (heilsfeit) en imperatief (opdrag)

5.1.1 Geen meganies-grammatikale onderskeid nie

Taalkategorieë en openbaringskategorieë val nie altyd saam nie: 'n werkwoord waarvan die grammatikale modus imperatief is, moet nie noodwendig as 'n heilsopdrag beskou word nie. In 1 Tessalonisense 5:19 word 'n opdrag van God by wyse van 'n grammatikale imperatief geopenbaar (τὸ πνεῦμα μὴ σβέννυτε – “moenie die Gees uitblus nie”), terwyl die grammatikale imperatief in Johannes 2:19 (“Breek hierdie tempel af (λύσατε τὸν ναὸν τοῦτον), en in drie dae sal Ek dit oprig”) draer van 'n heilsfeit is. Net so is die grammatikale indikatief (of ekwivalent daarvan) dikwels draer van 'n heilsfeit, byvoorbeeld Romeine 8:34 (“Christus is Hy wat vir ons gesterf het (ὁ ἀποθνήσκων) ... wat ook vir ons intree (ἐντυγχάνει ὑπὲρ ἡμῶν)”), maar soms ook van 'n goddelike opdrag, byvoorbeeld 1 Tessalonisense 4:7 (“God het ons nie tot onreinheid geroep (ἐκάλεισεν) nie maar tot heiligmaking”).

Daar is dus nie 'n meganiese manier om tussen die heilsfeit en die opdrag van 'n Skrifdeel te onderskei nie. Hierdie vertrekpunt word deur die volgende verskynsels in die Skrif bevestig:

- Opdragte wat God self direk uitspreek, sou oor die algemeen aanvaar kon word as blywende *imperatiewe* (bv. Eks. 20:12). Tog is daar verskeie opdragte wat God self gee en wat kennelik nie bedoel is as blywende opdragte aan alle gelowiges nie, byvoorbeeld 1 Konings 19:11 (“Kom uit en gaan staan op die berg voor My”) en Johannes 2:7 (“Maak die kanne vol water”).
- Dikwels gee God blywende opdragte (*imperatiewe*) deur middel van menslike dienaars, byvoorbeeld 1 Tessalonisense 5:17 (“Bid sonder ophou”), maar daar is ook talle opdragte van die apostels en profete in die Skrif opgeteken wat nie as blywende *imperatiewe* bedoel is nie, byvoorbeeld 2 Konings 5:10 (“Gaan was jou sewe maal in die Jordaan”) en 2 Timoteus 4:13 (“Bring vir my die reismantel uit Troas”).

Die voortdurende verwarring met die grammatikale onderskeidings *indikatief* en *imperatief* maak dit wenslik om liever die terme *heilsfeit(e)* (i.p.v. *indikatief*) en *opdrag(te)* (i.p.v. *imperatief*) te gebruik.

5.1.2 Sintaktiese en stilistiese merkers

Die verhouding tussen die heilsfeit en 'n opdrag is van so 'n aard dat die opdrag altyd konkluderend op die heilsfeit volg. Die heilsfeit vorm dus die basis vir die opdrag. Dit kan die eksegeet help om op sintaktiese en stilistiese merkers te let wat 'n konkluderende funksie het. Die volgende kan nuttig wees (vgl. Labuscagne, 1981:29-31, en die tabel van De Klerk & Janse van Rensburg, 2005:36):

- 'n Indikatief wat op die partikel γάρ volg, kan die grond bied vir 'n voorafgaande imperatief (bv. Fil. 2:12-13)¹⁹ en 'n imperatief wat volg op die partikel οὖν is op die voorafgaande indikatief gegrond (bv. Rom. 12:1).²⁰
- By Paulus volg die opdrag as toetssteen van die geloof dikwels in 'n voorwaardesin wat dan die krag van 'n bywoordelike bysin van rede/motivering het (en wat met “aangesien” in plaas van met “as” vertaal kan word) (bv. Kol. 3:1-2).²¹
- Soms word die opdrag by wyse van 'n retoriese vraag gestel. Die heilsfeit word dan by wyse van 'n byvoeglike bysin gestel, byvoorbeeld Romeine 6:2 (“Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?” = In Christus het ons die sonde afgesterf; daarom mag ons nie meer daarin lewe nie).

Daar lê egter geen vaste model hierin nie. Trouens, daar is in die Nuwe Testament talle voorbeelde van γάρ- en οὖν-sinne, van voorwaardesinne en van retoriese vrae wat nie heilsfeit-opdragverhoudings aandui nie (bv. Fil. 1:8;²² Ef. 5:1²³). Daarom moet ook na

19 Filippense 2:12-13:

Daarom, my geliefdes, soos julle altyd gehoorsaam gewees het, nie in my teenwoordigheid alleen nie, maar baie meer nou in my afwesigheid, werk julle eie heil uit met vrees en bewing; ¹³**want** dit is God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae.

20 Romeine 12:1: “Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer – dit is julle redelike godsdienst.”

21 Kolossense 3:1-2: “As (= aangesien) julle saam met Christus opgewek is, soek **daarom** die dinge daarbo waar Christus is en aan die regterhand van God sit. ²Bedink die dinge wat daarbo is, nie wat op die aarde is nie.”

22 Filippense 1:8: “Want God is my getuie hoe ek na julle almal verlang met die innige tederheid van Jesus Christus.”

23 Efesiërs 5:1: “Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders.”

ander hulpmiddels vir die eksegeese gekyk word om tussen die heilsfeit en die opdrag te onderskei.

5.1.3 Konteks

Dikwels kan die eksegeet sonder formele sintaktiese of stilistiese aanwysers vanuit die konteks goeie afleidings maak oor wat in 'n gegewe Skrifdeel as heilsfeit en wat as opdrag bedoel is.

5.1.3.1 Retoriese konteks

Die retoriese konteks van 'n Skrifdeel kan beskryf word op grond van 'n ontleding van die gedagtestruktuur (vgl. Coetzee, 1988:23; en vir die ontleding van gedagte-opbou op makrovlak, vgl. De Klerk & Janse van Rensburg, 2005:37-49). 'n Belangrike deel van gedagtestruktuurontleding is juis om die samehang tussen die verskillende struktuurkomponente aan te dui. Indien dit uit die gedagtestruktuur blyk dat twee of meer gedagtes konkluderend of oorsaaklik saamhang, kan die eksegeet die moontlikheid van 'n heilsfeitopdrag oorweeg.

'n Voorbeeld hiervan is in die gedagtestruktuurontleding wat Coetzee (1988:34) van Jakobus 4:6b-10 gemaak het. In die perikop kom die partikel οὐν net een keer voor (Jak. 4:7). Nogtans kan uit die daaropvolgende parallelle rangskikking van gedagtes afgelei word dat nie minder nie as tien opdragte in hierdie een heilsfeit begrond word. Dit blyk verder dat twee van die imperatiewe in werklikheid bemoedigend van aard is, aangesien die bevel telkens direk aan 'n belofte verbind word (Coetzee, 1988:34).

5.1.3.2 Kultuurhistoriese konteks

Aangesien die Skrif tydsgerig is, het ook die opdragte wat God daarin gee – selfs blywende opdragte – dikwels 'n tydsgerigte aard en staan dit in verband met die destydse kultuurhistoriese situasie. In 1 Timoteus 2:1-2 word byvoorbeeld aan gelowiges opgedra om voorbidding te doen “vir konings en almal wat hooggeplaas is”. Die tydsgerigte “konings” weerhou die hedendaagse eksegeet nie daarvan om hierdie opdrag met normatiewe gesag ook van toepassing te maak op byvoorbeeld 'n staatspresident nie.

Om te onderskei tussen opdragte wat as blywend bedoel is en opdragte wat bloot situasiegerig is, of om tussen opdragte met *nor-*

matiewe gesag en dié met *historiese gesag* te onderskei, moet die eksegeet die Skrifdeel binne sy kultuurhistoriese konteks plaas.²⁴

Om vas te stel of 'n bepaalde opdrag slegs deel van die kultuurhistoriese inkleding van die Skrifdeel uitmaak of nie, is die hermeneutiese reël deurslaggewend dat die Skrif sy eie verklaarder is. Die eksegeet kan nie net op grond van buitetekstuele bronne of bloot subjektiewe oorwegings besluit dat 'n bepaalde Skrifopdrag as kultuurhistoriese inkleding beskou kan word nie; die Skrif self moet daarvan blyke gee.

Samevattend blyk dit dat die eksegeet veral aandag aan die *begronding* van elke opdrag in die Skrifdeel moet gee. Opdragte wat in 'n geopenbaarde *heilsfeit* begrond is, kan as blywende *opdragte* beskou word; opdragte wat in kultuurhistoriese argumente begrond is, kan egter as situatiewe opdragte beskou word.

5.1.3.3 (Openbarings-)historiese konteks

Veral in historiese stof is daar dikwels nie 'n formele gedagtestruktuur waaruit die samehang tussen die heilsfeit en die opdrag aangedui kan word nie. In sulke gevalle kan die samehang soms uit die historiese situasie afgelei word.

'n Voorbeeld hiervan word in die geskiedenis van die vermeerdering van die brode gevind (Matt. 14:14-21). In die perikoop is daar twee opdragte van Jesus wat as grammatikale imperatiewe weergegee word. Wanneer die dissipels sê dat hulle net vyf brode en twee visse het, gee Jesus die opdrag (imperatief): "Bring dit hier vir My" (Matt. 14:18), en daarna (Matt. 14:19) gee Hy die skare bevel om op die gras te gaan sit. Albei hierdie opdragte is egter op die historiese situasie gerig. Dit is duidelik nie bedoel as blywende opdrag met normatiewe gesag vir alle tye nie. Nogtans het dit beslis historiese gesag. In die wonder van die vermeerdering van die brode het Jesus onteenseglik 'n heilsfeit geopenbaar wat op ongeskrewe wyse openbaringshistories daarin opgesluit lê. Hierdie heilsfeit is dat Jesus kan doen wat menslik onmoontlik is. Hy is die Messias, die Seun van God en gegrond hierop is ook die ongeskrewe opdrag: Glo in Hom!

24 Hierby moet egter gewaak word teen die idee dat sekere opdragte (dié met normatiewe gesag) tydsgerig is, terwyl ander opdragte (dié met slegs historiese gesag) ook tydsgebonde is. Opdragte met historiese gesag bly steeds deel van die tydsgerigte inkleding van die Skrif.

5.1.3.4 Konteks van die hele Skrif

- **Openbaringshistoriese lyne van die betrokke Bybelboek**

In die onderskeid tussen *heilsfeit* en *opdrag* is dit nodig om die openbaringshistoriese gerigtheid van die betrokke Bybelboek in ag te neem. As voorbeeld kan weereens die vermeerdering van die brode (Matt. 14:14-21) geneem word. In 5.1.3.3 is daarop gewys dat die ongeskrewe *opdrag* in hierdie perikoop op die volgende neerkom: Glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God. Hierdie *opdrag* sluit ten nouste aan by die openbaringshistoriese gerigtheid van die Evangelie volgens Matteus, naamlik om mense te laat glo dat Jesus die Messias van God is.

- **Openbaringshistoriese lyne van die Skrif as geheel**

In die eksegeese behoort elke opdrag binne die konteks van die openbaringsgeskiedenis geplaas te word om binne daardie konteks te oordeel of dit as 'n blywende *opdrag* bedoel is of nie.

'n Voorbeeld hiervan is die opdrag in Handeling 15:28-29: "Want die Heilige Gees en ons het besluit om verder geen las op julle te lê nie as hierdie noodsaaklike dinge: dat julle jul onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery." Indien die lyn egter vanaf die Ou- na die Nuwe-Testamentiese Skrifopenbaring gevolg word, is dit duidelik dat die ou seremoniële wette (wat onder meer die eet van bloed verbied het) in Christus hulle vervulling bereik het en daarom nie meer bindend is nie. Gevolglik word die verbod op die eet van bloed en van dit wat verwurg is, oor die algemeen in die gereformeerde eksegeese beskou as 'n opdrag wat op die destydse situasie gerig was en nie as iets wat as 'n blywende *opdrag* geld nie. Dit beteken egter nie dat sulke dele niksseggend vir die huidige tyd is nie. Die betekenis van hierdie Skrifdele moet steeds deur Skrifgetroue eksegeese en hermeneuse uitgemaak word.

- **Skrif-met-Skrif-vergelyking**

Direk in aansluiting by die breë openbaringshistoriese lyne van die Skrif is die eksegetiese proses van Skrif-met-Skrif-vergelyking. Om tussen *heilsfeit* en *opdrag* in 'n bepaalde Skrifdeel te onderskei, kan ander uitsprake elders in die Skrif rigtinggewend wees. Weereens kan die geskiedenis van die vermeerdering van die brode (Matt. 14:14-21) as voorbeeld dien. Die konklusie dat die ongeskrewe *opdrag* van die perikoop neerkom op "Glo!", word in die lig van 'n

ander Skrifuitspraak duidelik: Markus 6:52 getuig dat die wonder van die brode bedoel was om mense tot geloof te bring.

5.2 Onderskeid tussen die fokuspunt en die bysaak

Die eksegeet moet hom ook vergewis van wat in die betrokke Bybeldeel as fokuspunt en wat as bysaak bedoel is, sodat hy nie in die hermeneuseproses die aksente andersom plaas nie. Om die fokuspunt en die bysaak te identifiseer, word dieselfde eksegetiese proses gevolg as by die onderskeid tussen die heilsfeit en die opdrag.

5.2.1 Sintaktiese en stilistiese merkers

In die breë gesien, kan as vertrekpunt geneem word dat die grammatikale hoofsin die *fokuspunt* van 'n Skrifdeel stel en bysinne en deelwoordfrases die *bysake*. Aan die ander kant is daar in die Nuwe Testament ook talle voorbeelde van hoofsinne wat *bysake* stel en bysinne wat die *fokuspunt* van die teks bevat. De Klerk (1988:44-46) se ontleding van Efesiërs 3:14-21 toon byvoorbeeld dat die *fokuspunt* van die perikoop nie in die grammatikale hoofsin (Ef. 3:14-15) gevind word nie, maar in die daaropvolgende drie bysinne wat telkens deur ἵνα ingelei word (Ef. 3:16-19).

5.2.2 Konteks

5.2.2.1 Retoriese konteks

Veel meer as by die onderskeid tussen die *heilsfeit* en die *opdrag*, is die gedagtestruktuurontleding belangrik vir die onderskeid tussen die *fokuspunt* en die *bysake* in 'n perikoop.

'n Voorbeeld hiervan word gevind in die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar (Luk. 18:9-14). 'n Gedagtestruktuurontleding van die perikoop laat blyk dat die gelykenis in 'n ringkomposisie (diamantstruktuur) gestruktureer is. Aan die begin van die gelykenis (Luk. 18:9) noem Lukas die fokuspunt van die gelykenis: Jesus vertel die gelykenis met die oog op mense wat dink dat hulle in hulleself regverdig (δίκαιοι) is en op ander neersien. Aan die einde van die perikoop gaan dit oor wie werklik geregverdig (δεδικαιωμένος) is. Die fokuspunt van die gelykenis moet dus nie in die optrede van die Fariseër en die tollenaar gesoek word nie, maar in die feit dat God ons voor Hom regverdig stel.

5.2.2.2 Kultuurhistoriese konteks

Soms kan die kultuurhistoriese konteks ook lig werp op dit wat as fokuspunt van 'n perikoop beskou moet word. 'n Voorbeeld hiervan is deur De Klerk en Janse van Rensburg (2005:52-63) met 1 Petrus 2:11-4:19 uitgewerk. Aangesien die eerste lesers van die Petrusbrief se sosiale en politieke omstandighede dié was van uitlanders en bywoners wat deur landsburgers verontreg is, was hulle geneig om hulleself te verdedig deur ook op hulle beurt onreg te pleeg. Petrus wil hulle daarom oortuig om juis te midde van hulle uitlandskap, hulle steeds te gedra soos God dit wil hê (De Klerk & Janse van Rensburg, 2005:62). Hierdie algemene opdrag word in 1 Petrus 2:11-12 aangetref en kan dus as *fokuspunt* van die hele onderdeel van die brief geneem word (1 Pet. 2:11-4:19).

5.2.2.3 (Openbarings-)historiese konteks

Soos by die onderskeid tussen die *heilsfeit* en die *opdrag* kan die historiese konteks waarin 'n perikoop staan, 'n sterk aanduiding gee waar die *fokuspunt* daarvan gesoek moet word. Die geskiedenis van Jesus se begrafnis (Matt. 27:57-66) kan as voorbeeld dien. Die *fokuspunt* van hierdie perikoop is, histories beskou, in Matteus 27:60: Jesus is begrawe. Ander historiese feite word as *bysake* gestel wat uiters belangrike ondersteuning bied aan die historiese feit van Jesus se begrafnis. Hierdie historiese feite sluit sake in soos wie Hom begrawe het (Matt. 27:57-59), die ooggetuies van sy begrafnis (Matt. 27:61), en die verseëling van die graf deur die Jode (Matt. 27:62-66).

5.2.2.4 Konteks van die hele Skrif

• Openbaringshistoriese lyne van die betrokke Bybelboek

Ter illustrasie dien die perikoop in Lukas 6:1-11 (op die Sabbat tel die dissipels koringare op en Jesus genees die man met die verdorde hand). Geplaas binne die konteks van Lukas 4-6, blyk dit dat die Evangelis 'n reeks insidente beskryf waarin telkens aangetoon word dat Jesus waarlik die κύριος is: Jesus is κύριος oor die demone (Luk. 4:31-37), κύριος oor siekte (Luk. 4:38-40; 5:12-26), κύριος oor alle skepsels (Luk. 5:1-11). In Lukas 6:1-11 is die *fokuspunt* weer Jesus se κύριος-skap: Hy is κύριος óók van die Sabbat. Hieruit blyk dit dat Lukas 6:5 die fokuspunt van die perikoop bevat: Jesus is Here (κύριος) – óók van die Sabbat.

- **Skrif-met-Skrif-vergelyking en openbaringshistoriese lyne van die Skrif as geheel**

In 'n sekere sin het elke Skrifdeel 'n besondere plek binne die geheel van die Skrifopenbaring en moet dit ook binne daardie geheel verstaan word. Dit geld ook vir die fokuspunt van so 'n Skrifdeel.

'n Voorbeeld van 'n perikoop wat kwalik anders as vanuit die breë openbaringshistoriese lyne van die Skrif verstaan kan word, is die geslagsregister van Jesus in Matteus 1:1-17. In die geslagsregister word die verbondslyn vanaf Abraham tot by Christus getrek. Vanuit openbaringshistoriese oorwegings is dit duidelik dat die geboorte van Jesus juis die vervulling van die beloftes van die verbond was. Matteus 1:1 vermeld ook duidelik dat Christus "die seun van Dawid" is. Vanuit Skrif-met-Skrif-vergelyking is ook die openbaringshistoriese betekenis van Dawid duidelik: hy is die koning uit wie se nageslag die Messias gebore sou word. Sowel die verbondslyn (Abraham) as die koningslyn (Dawid) word in Matteus 1:1 saamgetrek, wat as die *fokuspunt* van die geslagsregister van Jesus beskou kan word.

5.3 Die verrekening van die huidige konteks in die hermeneuse

Ten einde aan te toon wat God in die betrokke Skrifdeel aangaande Homself, sy wil en ons verlossing aan hedendaagse lesers onder hulle besondere lewensomstandighede bekendmaak, moet die eksegeet duidelikheid kry oor die huidige omstandighede (sosiaal, ekonomies, politiek, godsdienstig, ens.) waarin die hedendaagse lesers hulle bevind.

Dit is egter eers wanneer die sosiale en politieke omstandighede waarop die betrokke Bybelboek gerig is genoegsaam gekonstrueer is, dat dit moontlik word om skerp en akkuraat te bepaal op watter tipe sosiale en politieke situasies die betrokke perikoop gerig is. Die betrokke perikoop skryf dus self voor watter tipe sake in die huidige konteks belig word.

Vir die hermeneuseproses is dit ook nodig om vas te stel of die betrokke Skrifdeel 'n heilsfeit of 'n opdrag bevat waardeur God met die hedendaagse leser(s) in hulle lewensomstandighede spreek.

5.4 Teologiese sintese en hermeneuse as *donum interpretationis*

Uiteindelik is dit die taak van die eksegeet om met die oog op die hermeneuse van die Skrif na die bedoeling van die Skrifdeel deur te dring. Grosheide (1929:64) verwys daarna as die bepaling van die *dieper sin* (nie die “diepere sin” waarna die allegoriese verklaring op soek is nie!). Ander skrywers verwys daarna as die *teologiese eksegeese* of die *teologiese sintese* (vgl. Berkhof, 1971:133 e.v.).

By die onderskeid tussen die *heilsfeit* en die *opdrag*, en die *fokuspunt* en *bysake* kan nie met die analitiese eksegeese volstaan word nie. Van die eksegeet word onderskeidingsvermoë geverg wat slegs die Heilige Gees aan hom kan verleen. Hierdie onderskeidingsvermoë is bekend as die *donum interpretationis* (die gawe van interpretasie). Die gawe wat die Gees tot interpretasie gee, is egter nie iets soos ’n “inwendige lig” wat buite die Skrif om gegee word nie. Die eksegeet ontvang juis groter duidelikheid en insig ín en deur sy besigwees met die Skrif.

Slegs noukeurige grammaties-historiese eksegeese kan tot die bepaling van die *dieper sin* van ’n Skrifdeel lei (Grosheide, 1929:65). Die *dieper* betekenis word nie met verloop van tyd ’n *ander* betekenis nie. Die verklaarder sien egter in sy besigwees met die betrokke Skrifdeel, ander Skrifdele raak waarmee die Gees hom só lei dat hy duideliker sien hoe hierdie Skrifdeel verstaan moet word, ook binne sy eie tyd en omstandighede.

Ook die hermeneuse is aan wetenskaplike kontrole onderworpe. Die gewone wetenskaplike weg is dat die teologiese sintese van al die onderdele van die Skrifdeel sorgvuldig rekenskap moet gee – van opdrag én heilsfeit, van fokuspunt én bysaak. Die teologiese sintese mag nie die betekenis van die teks verlê tot iets anders as wat daar staan nie. Vanuit die teologiese sintese volg die hermeneuse, waarin die eksegeet die kern van die openbaring van God in die teks na die omstandighede van die huidige tyd oordra. Die hermeneuse kom uiteindelik by die vraag: Wat openbaar God hier aan ons, aan my? (vgl. Grosheide, 1929:66).

Aangesien die hele eksegeseproses, in sy grammatiese en historiese fasette, maar veral in die proses van sintese en hermeneuse, nie sonder die interpretasiegawe van die Heilige Gees kan geskied nie, is dit nie moontlik om dit bloot as meganiese toepassing van hermeneutiese reëls te beoefen nie. Die Skrifverklaarder moet biddend werk dat die Heilige Gees hom die insig om te interpreteer

en die gawe om te onderskei sal gee wanneer hy poog om te bepaal wat werklik God se blywende opdrag vir vandag is, wat slegs as situatiewe opdragte beskou kan word, en wanneer bepaal word wat die fokuspunt van 'n Skrifdeel is en wat as bysake geld.

Uiteindelik moet daarmee rekening gehou word dat die hermeneuse van die Skrif, die oorbring van God se Woord na die huidige tyd en omstandighede nie op 'n meganiese wyse kan plaasvind nie. Dit is slegs moontlik indien die eksegeet die gawe van profesie ontvang het wat God deur sy Gees gee (vgl. Rom. 12:6-7;²⁵ 1 Kor. 14:32²⁶).

Net so onontbeerlik as die *donum interpretationis* is die *donum applicationis*. Om die openbaring wat God in sy Woord gee op geldige en toepaslike wyse aan die hedendaagse mense oor te bring, is 'n gawe van God. Hierdie gawe word nie net ontvang nie, maar moet ook ingeoefen word. Soos met elke ander gawe wat die Here gee, geld dit ook vir die hermeneuse: die gawe word 'n opgawe.

6. Samevatting en gevolgtrekking

Hierdie artikel het die hermeneutiese vertrekpunte van gereformeerde eksegeese opnuut gedefinieer, aangevul en verryk vanuit nuwe insigte in terme van eerstens, Skrifbeskoulike vertrekpunte; tweedens, 'n tipering van grammaties-historiese eksegeese as benadering; derdens, 'n visie op die verhouding van die Ou Testament en die Nuwe Testament; en laastens 'n uiteensetting van die vertrekpunte vir gereformeerde hermeneuse:

- As *Skrifbeskoulike vertrekpunte* (vgl. 2.1-2.4) geld dat die Bybel die ewige en altyd-geldende Woord van God is, deur mense geskryf – met die Heilige Gees as eintlike Outeur én as eintlike Eksegeet. Die Bybel is wel tydsgerig, maar nie tydsgebonde nie, en het 'n bepaalde skopus: God se openbaring oor Homself, oor die wyse waarop Hy verlossing bewerk, en die wyse waarop Hy as Here en God gedien en geëer word.

25 Romeine 12:6-7: “En ons besit genadegawes wat verskil volgens die genade wat aan ons gegee is: ⁷is dit profesie, na die maat van die geloof; of bediening, in die werk van bediening; of wie leer, in die lering.”

26 1 Korintiërs 14:3: “Maar hy wat profeteer, spreek tot die mense *woorde van stigting en troos en bemoediging*.”

- Die *grammaties-historiese eksegeese as benadering* maak erns met sowel die talige as die historiese aard van die Skrifopenbaring.
 - Wat *die talige* betref: die verklaarder moet hom vergewis van wat daar geskryf staan deur middel van tekskritiese kontrole (vgl. 3.1.1) en grammatiese ontleding (vgl. 3.1.2), asook van die tekstuele konteks (vgl. 3.1.3).
 - Wat *die historiese* betref: die verklaarder moet die openbaringshistoriese plek en bydrae van die betrokke Skrifdeel bepaal (vgl. 3.2.1), en 'n konstruksie maak van die kultuurhistoriese konteks van sowel die perikoop as die boek waaruit die perikoop kom (vgl. 3.2.2).
- Die basiese hermeneutiese vertrekpunt vir *die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament* is dat die Testamente ewe veel Woord van God is en dat die twee Testamente 'n eenheid vorm (vgl. punt 4.1). Geen enkele beeld kan volledig reg laat geskied aan die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament nie, en daarom moet daar nie simplisties met hierdie verhouding omgegaan word nie (vgl. 4.2). Die verhouding tussen die Ou en die Nuwe Testament kan slegs vanuit die vervulling in Christus ráák verstaan word, naamlik dat die ewewydige spanningslyne in die Persoon van Christus verbind word (vgl. 4.3). Die redes vir die aanhalings uit en toespelings op die Ou Testament in die Nuwe Testament, asook die manier waarop dit gebeur, moet verstaan word (vgl. 4.4). Dit is belangrik dat die Ou Testament steeds in eie reg verstaan word (vgl. 4.5).
- As *vertrekpunte vir gereformeerde hermeneuse* geld dat die verklaarder hom moet vergewis van wat die heilsfeite en wat die opdrag van die betrokke Skrifdeel is, (vgl. 5.1). Hy moet hom ook vergewis van wat in die betrokke Skrifdeel as fokuspunt bedoel en wat as bysaak bedoel is (vgl 5.2), en hy moet die huidige konteks op 'n geldige wyse in die hermeneuse verreken (vgl 5.3). Die Skrifverklaarder moet daarmee rekening hou dat die oorbring van God se Woord na die huidige tyd en omstandighede nie op meganiese wyse kan plaasvind nie. Dit is slegs moontlik indien die verklaarder die gawe van profesie wat God deur sy Gees gee, ontvang het (vgl. 5.4).

Gereformeerde eksegeese sal die impasse waarin bybelse hermeneutiek hom bevind, deurleef indien dit op sy hermeneutiese vertrekpunte as vaste punt, gegrond is. Só ontkom die eksegeese aan die

tendens om die waarheid van 'n kontroleerbare bevinding vir die individu se subjektiewe persepsie van waarheid en werklikheid in te ruil.

Geraadpleegde bronne

- ALAND, K., BLACK, M., MARTINI, C.M., METZGER, B.M. & WIKGREN, A.P. 1993. The Greek New Testament. London: United Bible Societies (UBS).
- BARNHART, J.E. & KRAEGER, L.T. 2000. In search of first century Christianity. Burlington: Ashgate.
- BERKHOF, L. 1971. Principles of Biblical interpretation. Grand Rapids: Baker Book House.
- BREED, D.G., JANSE VAN RENSBURG, F. & JORDAAN, G.J.C. 2008. Manlik en vroulik in die kerk: geslagtelikheid en die besondere dienste. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- BYBEL. 1998. Verwysingsbybel, 1983-vertaling. Kaapstad: Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
- COETZEE, J.C. 1988. Gedagtestruktuurontleding en die eksegesi van die Heilige Skrifte. (*In* Coetzee, J.C., red. Koninkryk, Gees en Woord. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p. 19-37.)
- COETZEE, J.C. 1995a. Hermeneutics and exegesis of the New Testament. Part 1: Hermeneutical rules. Potchefstroom: Mini Publishers.
- COETZEE, J.C. 1995b. Keys to God's revelation in the New Testament. Orkney: EFJS Printers.
- COETZEE, J.C., DE KLERK, B.J. & FLOOR, L. 1980. Die hermeneuse van die Skrif met die oog op hedendaagse kerklik-etiese vraagstukke. *Koers*, 45(1):18-36.
- DE KLERK, B.J. 1988. Koninkryk, Gees en Woord in die gebed van Efesiërs 3:14-21. (*In* Coetzee, J.C., red. Koninkryk, Gees en Woord. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p. 38-54.)
- DE KLERK, B.J. & JANSE VAN RENSBURG, F. 2005. Preekgeboorte: 'n handleiding vir gereformeerde eksegesi en prediking, toegepas op 1 Petrus 2:11-12, 18-25. Potchefstroom: Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- DU RAND, J.A. 1985. The characterization of Jesus as depicted in the narrative of the Fourth Gospel. *Neotestamentica*, 19:18-33.
- DU TOIT, A.B. 1984. Oriënterende opmerkings oor die Pauliniese briefliteratuur. (*In* Du Toit, A.B., red. Handleiding by die Nuwe Testament. Vol. 5. Pretoria: NG Kerkboekhandel. p. 1-22.)
- ELLIOTT, J.H. 1981. A Home for the homeless: a sociological exegesis of 1 Peter, its situation and strategy. Philadelphia: Fortress.
- FLOOR, L. 1982. Perspektiewe op die prediking van Paulus. Pretoria: NG Kerkboekhandel.
- GOLDSWORTHY, G. 2006. Gospel-centered hermeneutics: biblical-theological foundations and principles. Nottingham: InterVarsity.
- GREIJLDANUS, S. 1946. Schriftbeginselen ter Schriftverklaring. Kampen: Kok.
- GROSHEIDE, F.W. 1929. Hermeneutiek ten dienste van de bestudering van het Nieuwe Testament. Amsterdam: Van Bottenburg.
- HASEL, G. 1978. New Testament theology: basic issues in the current debate. Grand Rapids: Eerdmans.

- HELBERG, J.L. 1978. Klasaantekeninge in die vak Hermeneutiek van die Ou Testament. Potchefstroom: Fakulteit Teologie. (Ongepubliseerd.)
- HODGES, Z.C. & FARSTAD, A.L. 1982. The Greek New Testament according to the Majority Text. Nashville: Nelson.
- JANSE VAN RENSBURG, F. 2000. Dékor of konteks? Die verdiskontering van sosio-historiese gegewens in die interpretasie vir die prediking en pastoraat van 'n Nuwe Testamentteks, geïllustreer aan die hand van die 1 Petrus-brief. *Skrif en Kerk*, 21(3):564-582.
- JORDAAN, G.J.C. 2000. Indikatief/imperatief, deskriptief/preskriptief en sentrum/periferie in die eksegeese. Bylae by rapport: voortgaande studie oor die Nagmaal: handeling van die sewe-en-veertigste Nasionale Sinode van die GKSA. Potchefstroom: Administratiewe Buro van die GKSA.
- KENNEDY, G. 1989. New Testament interpretation through rhetorical criticism. Chapel Hill: University of North Carolina Press.
- KILPATRICK, G.D., ed. 1961-1964. A Greek-English Diglot for the use of translators. London: British & Foreign Bible Societies.
- LABUSCAGNE, G.C.P. 1981. Die indikatief en imperatief in die prediking: 'n eksegeties-homiletiese studie toegespits op die Galasiërbrief. Potchefstroom: PU vir CHO. (Th.M.-verhandeling.)
- LATEGAN, B.C. 1984. Current issues in the hermeneutical debate. *Neotestamentica*, 18:1-14.
- NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS. s.a. In Afrikaans vertaal in opdrag van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. (*In Psalmboek. Die berymde en omgedigte Psalms en ander Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Pretoria: NG Kerk Uitgewers. p. 486-520.*)
- NESTLE, E. & ALAND, K. 1957. Novum Testamentum Graeca. Stuttgart: Württemberg.
- NGB
kyk NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS
- RIDDERBOS, H. 1971. Paulus – ontwerp van zijn theologie. Kampen: Kok.
- STEENEKAMP, N.J.S. & VAN AARDE, A.G. 1991. Dekonstruksie en Bybelse hermeneutiek. *Hervormde teologiese studies*, 47(2):471-485.
- STOKER, W. 1995. Een spanning tussen literair en historisch lezen? Ricoeur over het verschil tussen spreken en schrijven. *Gereformeerd Theologisch Tijdschrift*, 95(4):156-166.
- TERRY, M.S. s.a. Biblical hermeneutics: a treatise on the interpretation of the Old and the New Testaments. Grand Rapids: Zondervan.
- VAN DER WALT, T. 1997. Openbaringsgeskiedenis van die Nuwe Testament. Potchefstroom: PU vir CHO. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks A, nr. 65.)
- VAN DEVENTER, H.J.M. 2009. Grammaties-historiese eksegeese: waarvandaan en waarheen? Vanderbijlpark: Noordwes-Universiteit. (Vaaldriehoek geleentheidspublikasies: Inougurele redes 3/2008.)
- VORSTER, W.S. 1977. 'n Ou boek in 'n nuwe wêreld: gedagtes rondom die interpretasie van die Nuwe Testament. Pretoria: Universiteit van Suid-Afrika.

Kernbegrippe:

eksegese
hermeneuse
hermeneutiek
Openbaringsgeskiedenis
Skrifbeskouing

Key concepts

exegesis
hermeneuses
hermeneutics
Revelation, history of
Scripture, view of